

Bayer Moerkweker van die Jaar-finaliste: Ware landbou-ambassadeurs!

Deur Sanette Thiar, besturende direkteur, Aartappelsertifiseringsdiens

Dit is 'n groot plesier om 2022 se Bayer Moerkweker van die Jaar-finaliste aan te kondig. Al drie finaliste is reeds waardige winners. Ek is weereens geraak deur die passie, nederigheid, ywer, trots, positiwiteit en dissipline van elk van die moerkwekers wat finaliste van dié gesogte toekenning is. Die besoeke aan die finaliste het weer bevestig dat slegs in die woordeboek, sukses vóór werk staan.

Groot dank en waardering gaan aan Bayer vir hul vennootskap met ons om deur hierdie toekenning erkenning aan uitmuntendheid te gee.

Baie dankie aan Schalk Kotze en Luan Botha wat die besoeke aan die finaliste meegemaak en die finale evaluering van die sagte kriteria behartig het. Julle fokus op plantgesondheid, volhoubaarheid en uitnemendheid was goed sigbaar.

Ons sien uit na die aankondiging van die Bayer Moerkweker van die Jaar by die gala-dinee op 21 September 2022 by die Radisson Hotel en Konferensiesentrum, OR Tambo, na afloop van die Moerkwekersforum.

Dankie ook aan Aartappels SA (ASA) vir hulle ondersteuning aan die moerbedryf. FP Coetzee, ASA se nasionale diensleweringkoördineerder, het die evaluasiebesoeke meegemaak. Dit was vir hom duidelik dat die tegniese aspekte by almal in plek is en dat hulle

uitstekende moerkwekers is. Goeie bestuur word aan die dag gelê en tegnologie word goed gebruik, hoewel daar by enkele aspekte meer van tegnologie gebruik gemaak kan word. Coetzee sê dat hy baie geleer het en die besoeke baie geniet het.

Adv Les Kügel, uitvoerende voorsitter van die Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere (OSRA), was werklik beïndruk met die gehalte van moerproduksie en het sy respek teenoor die moerkwekers uitgespreek. Hy word bedank vir sy toewyding tot die Suid-Afrikaanse Aartappelmoersertifiseringskema (Skema) en gesertifiseerde aartappelmoere.

Al drie finaliste is Wesgrow-kwekers. Baie geluk aan Wesgrow met hierdie uitsonderlike prestasie! Deel van die sukses van hierdie Wesgrow-kwekers is die ongelooflike dissipline wat uitstaan in hul produksiepraktyke. Uit die punte wat hulle behaal het, gebaseer op al die sertifiseringsdata wat op die afgelope drie jaar se geregistreerde moeraanplantings op ASD se databasis vasgelê is, is dit duidelik dat dié kwekers voortdurend die regte goed op die regte tyd doen.

Baie dankie aan André Wessels, ASD se tegniese bestuurder, vir die verwerking van die magdom data wat oor alle aspekte van sertifisering op die inspeksies en monster-uitslae gebaseer is. Dankie ook aan Fourie en Botha

Rekenmeesters & Ouditeure wat die syfers geoudit het en seker gemaak het ASD se berekening is korrek.

'n Besondere woord van dank gaan aan die ASD se sertifiseringsbeampptes wat die moerkwekers met raad en daad asook dienste bystaan. Julle fyn ingesteldheid op al die Skema-vereistes en nakoming van toleransies, met die gepaardgaande sertifisering van gehalte aartappelmoere, verseker volhoubare aartappelproduksie in Suid-Afrika. Nogmaals baie dankie, julle verdien eerbare vermelding.

Uit al die besoeke wat afgelê is, was dit baie duidelik dat al die rolspelers in die bedryf mekaar nodig het en nie een sonder die ander kan funksioneer nie. Elke skakel in hierdie ketting voeg waarde toe tot die eindproduk – in hierdie geval aartappelmoere – wat sonder die sertifiseringsetiket nét aartappels is. Die rol wat sertifisering speel, is van onskatbare waarde.

Benewens die hardwerkendheid en dissipline wat al die finaliste kenmerk, is gasvryheid en hul liefde vir mense opvallend. Fokus op gehalte bly boaan die lys. Hierdie moerkwekers is ware ambassadeurs van die Skema, vir gesertifiseerde moere én vir landbou. Ek is trots op die kaliber moerkwekers wat ons het.

Die finaliste word alle sukses toegewens!

B 054, Sirkel-N-Landgoed, Limpopo, Rudi Heinlein

Wanneer 'n mens by Sirkel-N-Landgoed se hek inry, weet jy sommer hier is dissipline en 'n fyn oog vir detail. Dit is eienskappe wat nodig is vir goeie moerproduksie. Dit is selfs in die Baltimore-omgewing sigbaar, waar Rudi Heinlein en sy span hul deel doen om die paaie en omgewing

veilig en netjies vir alle padgebruikers te hou.

Dit is dan ook geensins vreemd dat hulle moerproduksie met soveel erns bejeën nie. In 2014 het Rudi die groot stap saam met Wesgrow geneem om in hierdie hoë-siektedruk omgewing, vir Limpopo se vroeë aanplantings plantgereed-moere te produseer. Waar hulle aanvanklik met 37.8 ha begin het,



Sirkel-N-Landgoed in Limpopo.



Rudi Heinlein van Sirkel-N-Landgoed in Limpopo.

plant hulle vandag 110 ha aartappelmoere vir Wesgrow. Rudi glo moere kan steeds suksesvol in 'n hoë-siektedruk omgewing geproduseer word – daarvan getuig sy sertifiseringsdata beslis.

'n Span wat kan

Rudi en sy seuns doen al die plantwerk self en word bygestaan deur Abrie van Schalkwyk en sy bekwame span wat die moerproduksie met militêre presisie bestuur. Wat veral opvallend is, is die detail van rekordhouding en kontroles wat by elke aspek van die produksieketting in plek is. Omdat Rudi self eers 'n tafelprodusent was, weet hy presies wat die tafelprodusent se behoefte is en streef hy daarna om alles reg te doen.

Een van sy boodskappe aan moerkwekers is: "Sit net in die sak wat jy sê daarin is." Benewens al die sertifiseringsaspekte is die regte knoltelling en balans tussen knoltelling en gewig vir hom baie belangrik. Hy glo aan 'n eenvoudige paklyn met minimumskade aan die moere, wat netjies op goeie gehalte, gesteriliseerde palette verpak word.

Hulle plant toegewyde moeraanplantings met 'n maksimum-plantestand van tussen 64 000 en 68 000 knolle per hektaar, wat dan 'n minimum 'uitskot' lewer wat op hul ander plaas geplant word. Die kommersiële aanplantings word heeltemal van die moeraanplantings geskei. Alle praktyke word deur noukeurige data ondersteun, wat elke Maandag tydens 'n vergadering bespreek word om sodoende tydige aanpassings te maak waar nodig. Alle moere wat geplant word, word ingekoop. Met aankoms verifieer Abrie die data van die moere en weet

hy dus waaraan om in die aanplantings aandag te gee.

Wat tegnologie betref, word daar van satellietnavigasie gebruik gemaak vir alle aanplantings en bewerkings. 'n Beltplanter met monitors word gebruik, al is dit duurder as 'n bakkiesplanter. Rudi meen dit beperk die skade op die groter moere wat hulle self plant, aangesien die ander tellings aan Wesgrow gelewer word. Daar is ook 'n span op die land wat die plantestand verifieer.

Gehalte kraai koning

Rudi se suiweringspan bestaan uit 18 goed-opgeleide persone, waarvan vier nog die oorspronklike werknemers is van die tyd toe hulle in 2014 die pad met Wesgrow begin stap het. Dit wat opkom in die lande word met die sertifiseringsdata geverifieer, dan gesuiwer om alle moontlike bronne van infeksie te verwyder, en daarna deurlopend skoon gehou tot aan die einde.

Enigiets wat verdag lyk word met knol en al uitgehaal en uit die lande gedra. Die suiweringspanne beweeg twee maal per week deur die lande. Abrie weet presies hoeveel plante op watter tye deur die seisoen gesuiwer word. Hy kan dus ASD se data verifieer, suiwer en die afplating in infeksie oor die seisoen sien.



Die planter se akkuraatheid word hier bevestig.

Omdat Rudi-hulle moere in 'n hoë-siektedruk omgewing produseer, vat hulle geen kans met die beskerming van die aanplantings nie. Virusse is een van die grootste probleme en daarvoor word 'n standaard aartappelprogram aangevul met ander produkte en 'n vaste plantluisprogram deurgaans toegedien. Hulle gebruik ook weer- en plantluisdata om tendense te meet en daarvolgens op te tree.

Daar word van die nuutste spuit-tegnologie gebruik gemaak. Twee hoogloopspuite word gebruik en aanvanklike helikopterbespuitings op die spilpunte lyk baie belowend, omdat dit meer akkuraat is, maar die ekonomiese impak daarvan moet nog uitgewerk word. Verder word twee moerbehandelings ook toegedien. Moere word standaard vir swartspikkel/silwerskurf behandel, omdat daar soveel organiese materiaal in die grond is.

Verantwoordelike praktyke

Daar word nou saam met Agri Technovation asook IrriCheck gewerk om besproeiing te bestuur. Rudi is van mening dat jy die plaas en siektes asook jou omgewing moet verstaan, en vir volhoubaarheid is die plant van gesertifiseerde moere vir hom ononderhandelbaar.

Al Sirkel-N se lande is volgens grondtipes gekarteer en bemesting word volgens die status van die lande toegedien. Benewens om in die lande te wees word daar ook van ASA se satellietbeelde gebruik gemaak om groei te monitor.

Verantwoordelike berging, gebruik en toediening van chemiese middels is 'n fokuspunt en hulle voldoen aan GLOBALG.A.P.-vereistes. Alle werkers is goed opgelei en daar word van kajuittrekkers en selfloopspuitte gebruik gemaak. Daar word ook fyn gelet op die volgorde van meng van middels, die tyd van die dag om te spuit en wanneer om te stop, byvoorbeeld as daar onweer is of wind opkom.

Sirkel-N is baie ingestel op die gesondheid van hul personeel. Enigiemand op die plaas wat met chemikalieë werk se bloed word voor die voet getoets, en hulle word dan uit die stelsel gehaal, sou die tellings op iets dui. 'n Klinieksuster is ook voltyd in diens en bedien nie net die

landgoed nie, maar lewer ook dienste aan die wyer gemeenskap.


Toegewy aan die aartappelbedryf

Rudi dien sedert 2009 as direkteur van ASA en is tans ook die ondervoorsitter van die direksie. Hy dien ook as direkteur van Aartappelhuis en is die voorsitter van die bemarkingskomitee en die voorsitter van Prokon se direksie. Voorwaar 'n moerkweker wat sy plek in die aartappelbedryf volstaan. Hy is ook 'n gesinsman wat baie nou bygestaan word deur Jeany, sy vrou en mededirekteur, hul seuns Gerhard en Nickus, en hulle dogter, Sorentia,

wat vir die bemarking en sosiale media verantwoordelik is.

Sirkel-N-Landgoed se moere word nie net plaaslik versprei nie, maar ook na Angola, Mosambiek, Mauritius, Zimbabwe en Zambië uitgevoer. Hulle glo: "Our success is born from the like-minded work and sustainable farming philosophies that we share with our customers, and is derived from a steadfast will to not only survive, but thrive in agriculture".

Hulle strewre daarna om die gehalte wat hulle produseer te ewenaar met die gehalte wat hul kliënte verwag en verdien. "Our dedicated team believes



Rudi Heinlein saam met sy vrou en mededirekteur van Sirkel-N-Landgoed, Jeany.

that if we commit to do our best, practice honesty, support our community and work together with respect, we will create a business with soul."



L 002, Firna (Edms.) Bpk., Noordwes, Frans, Michiel en Francois Engelbrecht

Frans Engelbrecht ag homself as 'n gelukkige man, aangesien sy twee seuns, Francois en Michiel, saam met hom as direkteure van Firna (Edms.) Bpk. dien. Hul entoesiasme vir moerproduksie en elkeen se bydrae daartoe straal sommer uit hierdie bekwame span.

Hulle besigheid staan op vier pilare, naamlik geloof, respek, nederigheid en volhoubaarheid. Daar word voortdurend nuwe planne gemaak, en groei is vir seker altyd op die tafel. Frans is oorhoofs aan die stuur van sake en fokus ook op vogbestuur. Michiel fokus hoofsaaklik op die chemiese beheer van peste en plaë, terwyl Francois, met sy agtergrond in bedryfsingenieurswese, 'n vars benadering tot die ontwikkeling van stelsels tafel toe bring om



Pieter Leibbrandt, ASD-sertifiserings-beampte.

alles so doeltreffend as moontlik te maak. Al drie manne funksioneer egter op gelyke vlak en neem saam besluite.

Erkenning vir toegewytheid

Wesgrow se bydrae tot hul sukses word deurentyd geloof. Die sertifiseringsdata wat hulle onder die top drie moerproduksie-presteerders plaas, spreek van die toewyding en erns waarmee moerproduksie aangepak word. As 'n mens na die string geraamde sertifikate in die kantoor kyk waarmee die moerbedryf erkenning aan Frans gegee het, is dit duidelik dat 'n wenresep hier toegepas word en waarop voortdurend verbeter word.

Erkenning word aan Walter Nel en David Steyn van Wesgrow gegee, wat wekliks besoek aflê terwyl daar groen aartappels op die land is. "Hulle sit baie tyd en energie in."



Michiel Engelbrecht by die span verantwoordelik vir die verifiëring van die knottelling.

Al hul bevindings word aan die suiweringspan deurgegee. Dan word daar tong-in-die-kies verwys na Pieter Leibbrandt, wat as sertifiserings-beampte hulle ook "op check" en die laaste sê in terme van sertifisering het.

Hulle gee ook erkenning aan Hannes de Wet, wat die lande stap "asof dit sy eie is". Deur al die jare as wenner of finalis van die Moerkweker van die Jaar-toekenning, het Frans dikwels gesê: "Die beste kunsmis is die boer se voetspore in die land". Sy persoonlike lekkerte oor naweke is juis om sy lande deur te stap en eerstehands te sien hoe die aartappels groei.

Bestuursdissipline

Een van die bydraende faktore tot Firna se goeie sertifiseringsdata is die feit dat hulle so afgeleë boer met nét



Francois, Frans en Michiel Engelbrecht van Firna (Edms.) Bpk. in Noordwes.



Firna (Edms.) Bpk. se sorteeraanleg.

Carbrecht – ook onder die top drie moerkwekers – naby hulle. Verder word 'n sewe- tot tien-jaar rotasie toegepas met slegs peulgewasse, gevolg deur borseltjiegras, voor daar weer moeraanplantings gemaak word op goeie, stikstofryke grond met 'n perfekte pH. Hulle is ook gelukkig dat die gronde baie homogeen is.

Ten spyte van hierdie voordele in hul guns, word geen hulpmiddel of praktyk nagelaat wat kan help met die behoud en bevordering van die aanplantings se gesondheidstatus nie. Omdat Firna vroeë-generasie materiaal vir die Wesgrow-kwekers plant, is kophou met die plant, oes en verpakking van uiterste belang. Streng dissipline met die wisseling tussen blokke en variëteite

word gevolg om die sorteer-aanleg skoon te hou van enige aartappels wat moontlik tot vermenging kan lei. Met die implementering van Francois se nuwe stelsels het die kapasiteit op een pakstoor met 30 ton verbeter.

Aartappels wat pas uitgehaal is word afgelaai en alles word onmiddellik en ordelik gesorteer, geweeg, getel en geseël met die kweker-etiket wat die verpakkingsdatum, gewig, asook die loofdooddatum aandui. Daar word noukeurig gelet op die knoltelling en dat elke sak by verpakking meer as 25 kg weeg.

Streng monitering

Firna se suiweringspan bestaan uit opgeleide personeel wat van begin

tot einde op die uitkyk is vir enige afwykende plante of enigiets wat lyk asof dit nie daar hoort nie, en dit dan in geheel verwyder. Verskillende kleure sakke word vir elke variëteit gebruik om dit nóg makliker te maak. Opslag word doeltreffend beheer deur dit dood te spuit. Wesgrow monitor opslag baie streng en daar word sommer maklik 'n stywe boete opgelê indien enige opslag waargeneem word.

Van Augustus tot Januarie is daar geen aartappels op die plaas nie. Sodra die reënseisoen begin en die eerste opslag opkom, word dit chemies met 'n kontakmiddel beheer, waarna enige verdere opslag met die hand verwyder word. Enige afval word vir die beste (hoofsaaklik die melkkoeie) en skape gevoer.

Bayer fokus op volhoubare en veilige gebruik van enige gifstowwe. Alle gif wat nodig is, word reeds voor die aanvang van die seisoen op die plaas ontvang. Elke bespuiting se gif word by die tenk gesit vir toediening deur twee spanne met geslote kajuit-trekkers, en toegerus met volledige persoonlike beskermende oorklere wat maskers, voorskote en handskoene insluit.

Dié ervare span weet ook dat geen verstopte spuitkoppe op die land skoongemaak of uitgeblaas word nie. Dit word bloot met nuwes vervang en dan op 'n behoorlike wyse by die stoor skoongemaak vir hergebruik.

Wat tegnologie betref, word daar van GPS gebruik gemaak vir die strooi van kunsmis en elke blokkie geplant se opbrengs word gemonitor. Die gebruik van elektroniese vogmeters is ingestel om te help met beter siekte-beheer, byvoorbeeld die beheer van aalwurm, deur doeltreffende waterbestuur. Tegnologie help beslis met beter en meer doeltreffende benutting van insette. Elke spilpunt het ook 'n watermeter ten einde die vlakke aan die staat deur te gee.

Bedryfsbetrokkenheid

Frans is die voorsitter van die Ondergrondse Waterverbruikersvereniging en Michiel dien ook op die bestuur. Frans verteenwoordig verder die Noordwes-moerproduksiegebied op die Nasionale Moerakomitee van ASA, terwyl Michiel die voorsitter van die Agri Noordwes Jongboerakomitee is,



Michiel, Francois en Frans Engelbrecht saam met Sanette Thiert van die ASD, FP Coetzee van ASA, Schalk Kotze van Bayer en Pieter Leibbrandt van die ASD.

wat uit tien unies bestaan en waarvan die Molopo Boere-unie waaraan hulle behoort, een is.

Francois dien ook op die boerevereniging se bestuur en is die sprinakaanbeampste in die streek. Firna het ook 'n werkerstrust waarvan Michiel en Francois trustees is. Die maatskappy, Aloma, wat staan vir "A land of milk and honey", waarin die werkers 'n 51% aandeel het en Firna 49%, is ook gestig en het onlangs hul waterregte gekry.

'n Sonpaneel-aanleg van 300 kW help met die lading op Eskom se

kragvoorsiening. Die manne het egter 'n 15-jaar plan om onafhanklik van Eskom te kan funksioneer. Dit is vanselfsprekend dat so 'n plaas, van die boorgate tot die dam en spilpunte, geweldig baie krag verbruik. Verdere ondersoek na volhoubare kragbronne soos sonkrag en waterstof word gedoen.

Vanuit 'n sertifiseringsoogpunt noem Pieter dat dit altyd lekker is om by Firna te werk, omdat alles is soos wat dit van 'n moederprodusent in terme van die Skema verwag word. Dit maak sy werk net soveel makliker. Waar

aanbevelings gemaak word, word dit dadelik ter harte geneem en geïmplementeer.

Op die vraag aan Michiel oor waarom hy die plant van gesertifiseerde aartappelmoere vir enige aartappelprodusent sal aanbeveel, sê hy dit sluit aan by Firna se laaste waarde, naamlik volhoubaarheid. Dit beskerm ook die verbruiker. Hy sê die aartappelbedryf is gelukkig om so 'n sterk, deursigtige liggaam soos die ASD te hê wat vir die sertifisering van die land se aartappelmoere verantwoordelik is.



L 026, Carbrecht (Pty) Ltd, North West, Rob and Carel Carrol, as well as Frans Engelbrecht

Carel Carrol has been farming for the last 52 years, but the highlight of his crop-growing career which includes onions, maize and groundnuts, as well as the addition of a substantial dairy component, was the partnership with Frans Engelbrecht to form Carbrecht (Pty) Ltd.

The Carrols met Frans in 2012 and since then, their depth and ability to grow seed potatoes have flourished. Carel's philosophy is: "We do the work as well as we can and rely on the good Lord to provide for us".

They have a lot of faith in the business and under Rob's guidance and with the workers as their partners, the business has grown tremendously. Carbrecht employs 400 casual workers as manual labourers in-season, which makes a huge contribution to the area.

Rob grew up on the farm and loves every moment of farming. However, he says what worked for them before has



Rob Carrol, Frans Engelbrecht and Carel Carrol with Pieter Leibbrandt. Potato Certification Service official.

had to change. With regard to seed potato production, they found a good role-model in Frans. The move to early-generation seed potato production with Firna and Wesgrow was easy, thanks to the knowledge and expertise of Firna. "I stand on the shoulders of giants! It has been very hard work, but

very exciting at the same time, and we keep learning and growing," says Rob.

Consistent growth

When they started out with 40 ha, Frans handled all the planting and chemical control, and the seed potatoes were sorted at Firna throughout the first year. Now, planting 177 ha, Carbrecht is fully functioning on its own and planting approximately 20 blocks of mini-tubers per Wesgrow grower every season. It is therefore extremely important that every grower's material is kept separate throughout the entire seed production process.

Rob believes it helps to keep the management system simple, thereby keeping the risk low. Traceability is valued. "If something goes wrong, you must be able to go back to when and where it happened."



The Carrols have been farming for 52 years, but the highlight of their farming journey has been partnering with Frans Engelbrecht to form Carbrecht (Pty) Ltd.



Trish van der Westhuizen of Carbrecht with FP Coetzee of Potatoes SA.

Carbrecht prefers to plant its mini-tubers on virgin soil or on an eight-year rotation. The soil in which they plant is phosphate-poor. Fields are cleared of natural vegetation. The removal of black thorn (*swarthaak*) increases the bearing capacity of the veld, thereby boosting sustainability in the long run. Grasses are planted in rotation. Mainly bottle brush grass (*borseltjiegras*), otherwise known as wool grass, is planted in rotation as it is easy to

remove once grazed. This contributes to the low nematode pressure in the soil.

Talented staff

The Scheme is based on phytosanitary aspects as well as varietal identity and purity. Where so many small blocks of different varieties are planted, it is very time-consuming as no shortcuts can be taken. Every piece of machinery and equipment is cleaned and sprayed off before commencing on the next block. The Carbrecht rogueing team consists of 17 people who have been trained by Firna and received further training from Wesgrow in Christiana.

Carbrecht takes pride in the collaboration and integrity of their staff. Rob says they might be in the business of seed potato production, but they actually work with people. "We've got some great talent. The secret is to spot that talent and develop it. With our staff we feel we can move the world."

John, who is in charge of the fields, is very knowledgeable and ensures good and effective communication with the rest of the team in the store. Rob's sister, Trish van der Westhuizen, ensures that the sorting runs smoothly in the sorting facility. Throughout the entire process of seed potato production, anything that causes doubt is addressed.

Pieter Leibbrandt, Potato Certification Scheme official, complimented Carbrecht by saying that without looking at the labels, he would be able to recognise



Schalk Kotze of Bayer looks at the comprehensive spray programme that is applied on a weekly basis. With him are Frans Engelbrecht and Rob Carrol.

Carbrecht's seed potatoes. That is the quality they pack.

Proactive chemical control

Responding to a question asked by Schalk Kotze, the Bayer representative on the evaluation team, Rob mentioned that all chemical control is proactive rather than reactive. Scouting is done throughout the growing season. As harsh chemicals are used less and less, chemicals with different modes of action are alternated to prevent the build-up of resistance.

Carbrecht follows the same strict operating procedures and preventative measures when it comes to handling of poisons. The safety of all their staff takes precedence.

Lessons learnt have certainly paid off as the certification data ranked them as one of the finalists for the Bayer Seed Grower of the Year award. 🍌



Pallets with seed potatoes neatly bagged, labelled and wrapped are a visible display of the discipline and attention to detail applied by the Carbrecht team.

Vir navrae oor die ASD of die 2022 Bayer Moerkweker van die Jaar-finaliste, kontak Sanette Thiert by sanette@potatocertification.co.za, die ASD by 060 716 2607 of besoek www.potatocertification.co.za.